



R.N. Currey. *Vinnicombe's trek: son of Natal, stepson of Transvaal, 1854-1932.* University of Natal Press en Shuter & Shooter: Pietermaritzburg, 1989. 232 pp. Geïll. R37,95 (eksklusief). ISBN 0 86980 655 6.

In hierdie boek word die lewe en omswerwinge van Thomas F. Vinnicombe in Transvaal en Natal uitgebeeld. Dit is saamgestel en geskryf deur 'n kleinseun, R.N. Currey, wat sy inligting verkry het uit nagelate gedigte deur sy oupa. Die inhoud daarvan is met historiese gegewe gekorreleer en aangevul met persoonlike mededelings van vriende en familie, en briewe en notas in besit van Thomas se nasate.

Die leser kry insae in die bestaanstryd van die Engelse setlaars ten tyde van die Britse kolonisasie van Natal. Currey gee ook biografiese besonderhede van sowel die Vinnicombe-familie wat na Natal gekom het, as die agtergeblewenes in Engeland. Die familie het 'n bekende Londense musiekwinkel besit en George, Thomas se vader, was 'n orrelbouer. In Natal het hy ook musiek- en danslesse gegee en sang onderrig.

Ten spyte van terugslae in die primitiewe en ongerepte wêreld het Thomas, sy broers en susters in 'n kultuurryke milieu grootgeword. Sy agtergrond en die gevare in die ongetemde natuur het aan Thomas 'n besondere fyn waarnemingsvermoë gegee. Dit het hy kunssinnig vasgelê in gediggies en ballades geskoei op die Victoriaanse patroon.

Na die dood van sy vader het Thomas se moeder getrou met William Petty, 'n onstandvastige persoon met 'n sterk swerwersdrang. Reeds as jong seun het Thomas se swerwersjare dus al begin. Die gesin het na die omgewing van Volksrust en Wakkerstroom verhuis waar Thomas se kennis van die natuur, jag, perde en veral die Afrikaner (Boere) se taal en leefwyse baie uitgebrei het. Nadat hy in Natal met Rachel Phipson getroud is, het hulle agtereenvolgens op Barberton, Pelgrimsrus, Graskop, Pietersburg en Standerton gewoon. Hy het hom aanvanklik op prospekteerdery toegespits, maar sy bouvernuf het mettertyd sy hoofinkomste geword. Hy was die argitek van verskeie kerke in Transvaal, soos dié op Pietersburg, Standerton en Bethal. Na die dood van sy vrou in 1920 het Thomas sy laaste jare in Port Elizabeth deurgebring.

Die hoofstroom van politieke gebeure het 'n invloed op Thomas en sy gesin gehad. Afgesien van die Anglo-Zoeloeoorlog (1879-1881) het veral die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) Thomas se lewe ingrypend beïnvloed. As burger van die ZAR moes hy kommandodiens verrig. Hy het egter geweier omdat hy nie teen sy eie mense (Engelse) wou veg nie. Die leser kry insae in die gedagtewêreld en persoonlike belewing van diegene wat nie aan die stryd tussen Boer en Brit wou deelneem nie en vriende in albei groepe gehad het.

Sy noue samewerking met die Transvaalse burgers en hul kulturele aktiwiteite het meegebring dat sy ballades en verse ryk is aan kultuurhistoriese gegewens soos 'n nuwejaarsfees, hofmakery, plekname, boustyle, koffie- en teedrinkgewoontes van vrouens en die pioniersjare van Pelgrimsrus, Graskop, Pietersburg en Bethal. Interessante karakters uit die Wakkerstroom-omgewing en die 'outlaws' van Pongola word ook beskryf. 'n Bylae van tradisionele volksliedere wat met die hulp van Pieter W. Grobbelaar hersien is, is ook in die boek opgeneem. Currey het Thomas Vinnicombe se gebruik van Afrikaanse woorde (sommige met 'n unieke spelwyse) nougeset gehandhaaf. Om die vreemde woorde vir die Engelse leser te verklaar, is 'n vertaling daarnaas gegee.

Die boek is netjies versorg en ryklik met afdrukke en foto's geïllustreer. Ten spyte van enkele redigeer- en feitefoute (pp. 2, 81 en 88) bied *Vinnicombe's trek* aangename leesstof veral vir diegene wat in die pionierstyd van Transvaal belangstel.

*BERTHA BARNARD*
*Peace and Conflict Studies, Pretoria*